Sentrumnuus

Pretoria-sentrum

Die SAVMO sentrum van die Jakarandastad is in die bevoorregte posisie om ons te bevind midde-in van ons land se grootste musiekkompetisies. So het ons op 17 Oktober 2011 die opening van die eerste Atterbury Nasionale Klavierkompetisie gesien. Dit het aan Leipoldt se gedig reg laat geskied- dit was voorwaar die mooiste, mooiste maand! Menige lid se leerlinge het hul uitstekend van hul taak gekwyt. Wat ‘n inspirasie was die wenner, Willem de Beer, nie vir menige jong pianis nie!

Tydens UNISA se Nasionale Klavierkompetisie wat 6-16 Julie plaasgevind het, was ons bevoorreg om van ons land se beste jong pianiste te hoor. Daar word met groot verwagting uitgesien na 2012 se Internasionale Klavierkompetisie, wat altyd dien as ‘n kulturele inspuiting vir Pretorianers.

Die Pretoria-sentrum besef egter dat ons jong leerlinge van vroeg af reeds die geleentheid moet kry om op ‘n informele, nie-kompeterende platform op te tree. So het ons dan gereelde leerlingkonserte gehou waar beginners tot gevorderde studente die geleentheid gegee word om op te tree. Dit dien as ‘n goeie oefenlopie voor eksamens en kompetisies.

Tydens ons jaarlikse Konvensie op 21 Maart te Laerskool Skuilkrans, is daar aan die behoefte van ons onderwysers voorsien. Me. Marina Mentz het ‘n koorwerkswinkel aangebied, terwyl Dr. Bertha Le Roux die probleme van musiekonderrig in die 20ste eeu bespreek het. Dr. Pat Michels het die belangrikheid van vroeë gehoorontwikkeling bespreek, waarna Me. Elma Britz op ‘n positiewe noot afgesluit het met verwysing na Ben Zander se “Art of Possibility”.

Die Pretoria Eisteddfod bly ons grootste projek elke jaar. Dit bestaan uit 14 afdelings wat musiek, drama en beeldende kunste insluit. As een van die oudste en grootste Eisteddfods in die land, is ons trots op hierdie geleentheid wat aan individue en skole gebied word om op ‘n gesonde basis mee te ding. Die fees strek van Mei tot Augustus en is afgesluit met ‘n Gala-konsert vir die pryswenners. Na hul deelname aan die Eisteddfod, is menige koor gerat vir hul deelname aan ATKV Applous.

Ons het die jaar met ‘n baie leersame algemene vergadering afgesluit waartydens Me. A. Voges en Mnr. S. Adams van UNISA, ons toegespreek het oor die afgelope praktiese en teoretiese eksamens.

Ons wil poog om in 2012 d.m.v ontspanne uitstappies en byeenkomste, meer aandag aan ons lede op ‘n sosiale vlak te skenk. Die jaar sal dan afskop met ‘n vergadering en ‘n gesellige ontbyt, wat hopelik ‘n jaarlikse instelling sal word.

Die komitee van 2011 het hul elkeen uitstekend van hul taak gekwyt en ons dank gaan uit na elkeen wat met hul individuele bydra, vir ‘n suksesvolle jaar gesorg het.

Sanet Botha
Voorsitter